# BRAFORD


SUID-AFRIKA | SOUTH AFRICA




APRIL | 2023

# VOORBLADFOTO

- Meaker Brafords, Warden



## INHOUD


- Uit die Kantoor
- Vanaf die President
- Nasionale Braford Veiling
- Opleidingsdag
- Molopo Brafords
- Calendar 2023
- Steps to becoming a registered Braford breeder


# Uit die Kantoor



Kyk uit vir die nuutste heffingslyste wat hierdie maand uitgestuur word. Dit gee lede genoeg tyd om kalwers wat met speen uitgehaal word, te kanselleer. Kansellasies moet dan die kantoor teen 22 Mei 2023 bereik.

Onthou asseblief om tydens speen, die kalf sowel as die moeder te weeg en al die inligting te stuur vir opname.

Ek beplan om voor die Algemene Jaarvergadering op 13 Junie 2023 opleiding aan te bied aan lede wat onseker is oor hul data en hoe dit die kantoor moet bereik.

Die Nasionale Veiling se reëls sowel as die inskrywingsvorm is reeds uitgestuur. Let asseblief op die sperdatums. Ons moedig lede aan om diere in te skryf en deel te word van die sukses van die Genootskap.

Braford-groete,

*Marguerite Fouché*


072 594 4500
info@braford.co.za




Photo - Heelbo Boerdery, taken by André Pretorius

Volg ons op Facebook & Instagram

# VANAF DIE PRESIDENT

JAN MEAKER I MEAKER BRAFORDS



Die einde van die somer en die begin van die winter is weer die begin van die bulkoop seisoen vir ons boere. Ons hoop dat almal die afgelope somer sukses gehad het met genoeg reën en dat die oeste goed is. Ons weet daar is dele wat dalk te veel reën gehad het en dele wat steeds te min het, maar ons hoop dat almal darem die afgelope somer suksesvol was. Die winter wat voorlê bring weer nuwe opgewondenheid in terme van ons veilngs en die bulle wat aangebied word. Ek dink elke boer sien uit om te sien hoe hierdie jaar se diere gaan presteer op die veilings.

Die afgelope jaar het ons as Braford Genootskap heelwat nuwe lede bygekry. Ons wil hulle almal welkom heet en hoop om hulle te ontmoet en te laat tuis voel by ons Genootskap en Braford familie.

Ons Nasionale Veiling is om die draai en hierdie jaar poog ons om voort te bou om die afgelope jare se sukses. Dit gaan vir die eerste keer in samewerking met Vleissentraal aangebied word. Na afloop van die opleidingsdag saam met vleissentraal se bemarkers glo ons hulle gaan baie help om goeie bemarking in die veld te doen. PM Swart gaan steeds die afslaer wees aangesien hy by Vleissentraal aangesluit het. Ons gaan ook ons Joernaal by die Nasionale Veiling bekend stel. Daar is baie harde werk deur die Raadslede en spesifiek Marguerite en Jan van Niekerk ingesit. Ons Algemene Jaarvergadering gaan weer die middag voor die tyd gehou word. Ons gaan die aand, soos in die verlede, 'n funksie hou by Gert van der Merwe. Dit is 'n lekker informele kuier waar die jaarlikse prysuitdeling ook plaasvind.

Ons wil almal aanmoedig om hul diere vroegtydig in te skryf vir diè veiling sodat die keurings gedoen kan word. Daar gaan weer 'n mooi video gemaak word van al die diere. Ons wil graag voor die tyd by almal uitkom en moedig ook kommersiële boere aan om diere in te skryf. Kommersiele diere gaan steeds gekeur word sodat hulle aan minimum rasstandaarde voldoen.

Die gemiddelde prys van die diere op die Nasionale veiling het jaar op jaar gestyg en ons poog om dit hierdie jaar weer reg te kry.

Sterkte aan almal vir die winter. Ek hoop ons het 'n mooi jaar, gespaar van vure en skade. Ek wil almal aanmoedig om mekaar te ondersteun by die onderskeie veilings om sodoende 'n suksesvolle en lekker jaar, waarop ons weer kan voortbou, te beleef.

Jan






VLEISSENTRAAL

# NASIONALE **BRAFORD** VEILING

## Woensdag **14 Junie 2023** om 11:00

11:00 - The Bull Ring, Davel

Swift VEE

**Navrae:** Wessel Meyer - 082 800 4913
SA Braford - 072 594 4500

Tel: 012 460 9916 • hoofkantoor@vleissentraal.co.za

www.vleissentraal.co.za

SA BRAFORD & VLEISSENTRAAL

# OPLEIDINGSDAG

Die Braford Genootskap het besluit om 'n opleidingsdag in samewerking met Vleissentraal te hou om meer agente in die veld te kry.

Die dag is aangebied deur Gert van der Merwe en Johan de Jager van Bonheur Brafords. Ons is baie dankbaar vir hulle reëlings en die moeite wat hulle gedoen het. Irma van der Merwe het 'n heerlike ete voorberei. Vleissentraal bring vir die Brafords baie geleenthede in terme van bemarking en promosiemateriaal. Hulle wil 'n groot impak maak op veral die Nasionale veiling. PM Swart, wat ook nou aangesluit het by Vleissentraal, stap al jare 'n pad saam met ons. Ons is trots om met PM geassosieer te wees en is dankbaar vir sy groot impak. Ons glo dat ons 'n baie suksesvolle Nasionale veiling sal hê saam met Vleissentraal.

Vleissentraal se kennis van die ras sal help om die Braford beter te bemark en verstaan waar die ras vandaan kom. Jan Meaker het die dag begin deur agtergrond van die Braford te gee met spesifieke fokus op die fynere detail van die rasstandaard. Verder het hy hulle ingelig oor die aantal diere in Suid-Afrika sowel as die wat oor die res van die wêreld versprei is, die aanpasbaarheid van die beeste in die woestyngebiede van Australië tot baie nat klimaat in Argentinië en Brasilië. Die sukses van die Braford in Suid-Afrika en die potensiaal van die Brafords om nog baie te groei is ook bespreek.

Van daar af het die groep boere gaan beeste kyk. Bulle is individueel bespreek met spesifieke klem op die rasstandaard van die Braford. Johan en Gert het ook hul weegstasie met die RFID-sisteem gewys en bespreek. Die skaal en RFID-sisteem maak die weeg en boekhouding van data heelwat makliker en vinniger.

Vroulike diere en speenkalwers is ook gewys en bespreek. Vleissentraal se personeel was baie beïndruk met wat hulle gesien het. Ons glo hulle sal die boodskap so oordra aan kommersiële boere en ons help om hierdie jaar se veilings 'n groot sukses te maak.

Ons nooi almal uit na die Nasionale veiling. Skryf jul diere in. Moet nie na die tyd spyt wees nie, dit gaan 'n groot geleentheid en spesiale dag wees.



# MOLOPO BRAFORDS

Ek is Pieter le Roux, trotse eienaar van die Molopo Brafords. Ons is geleë tussen Stella en Piet Plessis in die hartjie van die Molopo. Ek en my vrou Michelle en ons drie kinders Anika, Jan en Minieke woon op die plaas Blinkklip.

Beesboedery was nog altyd my passie en daarom het ek besluit op die Braford ras wat goed sou aanpas in die Molopo.

My doel is om kwaliteit diere te teel en sodoende maak ek gebruik van die beste teellyne. Ek streef daarna om kalwers met 'n hoë speenmassa te teel.

Die Brafords lê my na aan die hart, en floreer uitstekend in die gebied.


Le Roux-familie







# BRAFORD · LESS INPUT · MORE MEAT

**Highveld Cattle Breeders**
30 May 2023
Auction Ring, Ermelo
Herman Gerber
+27 81 016 5617

**SA Braford AGM**
13 June 2023
The Bull Ring, Davel/Ermelo
Marguerite Fouché
+27 72 594 4500

**Braford National Auction**
14 June 2023
The Bull Ring, Davel/Ermelo
PM Swart
+27 83 948 3345

**Bonheur Braford Auction**
21 June 2023
Polocrosse Club, Bethal
Gert van der Merwe
+27 82 653 0323

**Thiele Estates Auction**
5 July 2023
Schikhoek, Paulpietersburg
Carl Thiele
+27 82 944 0480

**Meaker Braford Auction**
19 July 2023
Vrede/Warden
Jan Meaker
+27 79 883 9760

**OTVL Bull Auction**
26 July 2023
Jenvos, Ermelo
Jan van Niekerk
+27 82 556 5965

**OVS Veld Bull Club Auction**
24 August 2023
Auction Ring, Vrede
Vickus Tromp
+ 27 72 823 1118

**Brafords@Besters**
30 August 2023
Besters Auction Ring
Carl de Jager
+27 83 300 6615

**Beefpower Braford Auction**
14 September 2023
Sun Down Lodge, Aliwal North
Van Aardt Greyling
+27 82 782 7674

SA BRAFORD

WWW.BRAFORD.CO.ZA

Jan Meaker +27 79 883 9760 / Marguerite Fouché +27 72 594 4500
E: info@braford.co.za / Find us on Facebook & Instagram

# STEPS TO BECOMING A REGISTERED BRAFORD BREEDER

**Follow these steps to become a registered South African Braford breeder.**

**START HERE**
Contact the office for an English or Afrikaans application form - info@braford.co.za

Receive application form containing applicable information and fees.

Complete the application form <u>in full</u> - Form 1, 2, 3 and 4.

NB - all dates and a drawing of your road map need to be completed.

Double check your joining date - this date determines part of your membership fee as well as the date which calves can be registered from.

Return application form to the office at info@braford.co.za with proof of membership fee payment.

Your application will be sent to the registrar.

Once the application has been processed, you will be notified of your registered details and receive a VAT invoice.

Congratulations! You are now a registered member of the Braford Society!


Contact us:
+27 72 594 4500
info@braford.co.za


# ADVANTAGES OF MEMBERSHIP

- Add value to your animals
- An income potential apart from only weaners
- New marketing opportunities
- New income possibilities
- Join a network of dynamic beef producers
- Trade ideas, meet other farmers with mutual objectives
- Outstanding professional client services
- 24 hour access to your animal and herd reports
- Annual Technical Advisor visits
- Assistance in animal selection, genetic analysis and general advice
- A sophisticated system for performance testing
- Registration certificates for animals
- A well trained and competent team at the Society's office

SA BRAFORD